Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 133: 22 September 2017

ERFENISDAG: WAT VIER ONS?

Sondag is dit Erfenisdag en Maandag is dit 'n skoolvakansiedag, en daarmee is die meeste van ons heeltemal tevrede. Min wonder regtig waaroor dit nou eintlik gaan. In die ou dae was daar dae soos Geloftedag, Van Riebeeck-dag (Stigtingsdag) en Krugerdag wat alles bepaalde gebeure uit 'n groep se geskiededenis herdenk het. Hierdie dae het almal verval en ná 1994 het nuwe vakansiedae die lig gesien, waarvan Erfenisdag een is.

Op hierdie dag herdenk ons alles wat ons van ons voorgangers geërf het, waarvan braai seker een is! Maar dis beslis meer as Braaidag. In die geskiedenis van hierdie land is ongelooflik baie tot stand gebring wat ons dikswels sommer as vanselfsprekend aanvaar. Al die bestanddele was daar om ons land te omskep in anargie en chaos, maar tog bly ons vandag in 'n ongelooflike land. Dat korrupsie en geweld dinge daagliks ontsier kan nie ontken word nie, maar daar is steeds só baie om voor dankbaar te wees. Kom ons gebruik hierdie tyd om bietjie erkenning te gee aan daardie mense wat deur die geskiedenis soveel gedoen het om voorspoed en harmonie in ons land te vestig. Wat verseker het dat ons soveel vryhede geniet. Soos die Vlaglied gepraat het van "die erwe van ons vaadre" moet ons moeite doen om ons erfenis te waardeer!

PROGRAM VIR VOLGENDE KWARTAAL PROPVOL

Dis moeilik om te glo, maar die jaar hardloop nou teen 'n ongelooflike tempo einde toe! Dis daarom baie belangrik dat almal kennis neem van die program vir die vierde kwartaal.

Die skole heropen op Maandag 9 Oktober met Dag 6. Vir die Matrieks is dit hul laaste week van normale onderrig en in alle vakke sal die laaste bietjie eksamenvoorbereiding en –afrigting gedoen word. Matrieks moet nie die fout maak om in hierdie week van die skool weg te bly nie.

Ons jaarlikse Sport en Kultuur-toekenningsaand vind op Donderdag 12 Oktober in die skoolsaal plaas. Almal wat die aand bywoon is reeds uitgenooi. Op Vrydag 13 Oktober neem ons afskeid van ons matrieks met 'n baie besondere seremonie in die saal. Die matrieks word dan verskoon om hulle voor te berei vir die eindeksamen. Alle ander leerders gaan egter in die tweede week normaal voort met onderrig.

Op Maandag 16, en Dinsdag 17 Oktober skryf die Gr. 12's onderskeidelik die CAT en IT-praktiese vraestelle. Op Dinsdagaand vind die Diplomaplegtigheid vir alle Graad 8 tot 11-leerders wat kwalifiseer, plaas. Uitnodigings sal in die eerste week van die kwartaal uitgestuur word. Op Donderdag 19 Oktober vind die Akademiese Prysuitdeling plaas. Die uitnodigings vir hierdie geleentheid sal ook tydens die eerste week uitgestuur word. Die Gr. 12's ontvang by die Prysuitdeling hul Merietediploma's.

Op Maandag 23 Oktober begin die eindeksamen vir Graad 10 en 11. Die Graad 8 en 9-leerders gaan egter normaal voort met onderrig tot Vrydag 3 November, waarna hul eksamen op Maandag 6 November sal begin. Hul eksamenrooster is op bladsy 2 aangebring.

Sport en Kultuur-toekenningsaand:
Donderdag 12 Oktober

Diplomaplegtigheid
Dinsdag 17 Oktober

Akademiese Prysuitdeling
Donderdag 19 Oktober

Matriekafskeidseremonie
Vrydag 13 Oktober

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Univa Smith 11G

Sondag
Jan du Plessis 10E
Karl Puchert 9E

Maandag
Mischka Strydom 9D

Dinsdag
Wian Dorfling 10C
Adrian Griesel 8E
Chandré van der Merwe 11G

Woensdag
Laurika Botha 12A
Gideon Coertzen 12C
Nicole Jacobs 12F
Justin Marx 9B
Monya Meyer 12C

Donderdag
Duane Hanekom 12G
Megan Kilian 12B
Tristan Oelofsen 11D
Divan Pottas 9B
Jacobus Stadler 11G
Deane Basson 12A

Vrydag
Claudé Groenewald 10D
Deacon Pretorius 9

AKADEMIE NOU PRIORITEIT!

GRAAD 8 EN GRAAD 9-EINDEKSAMENROOSTER

Waar die Graad 9's tot 2016 'n Departementele eindeksamen geskryf het, sal slegs die tale en Wiskunde vanjaar departementeel geëksamineer word. Vir alle ander vakke word die vraestelle intern opgestel. Die Graad 8's skryf ook volledig 'n interne eksamen. Die eksamen vir Graad 8 en 9 begin op Maandag 6 November en eindig op Vrydag 24 November. Dit beteken dat hierdie leerders tot op Vrydag 3 November die normale onderrigrooster volg. Wanneer die eksamen begin, meld leerders elke oggend om 07:40 by die skool aan. Die skryfsessie sal elke dag om 11:00 eindig, waarna die leerders huistoe kan gaan. Hierdie reeling is net van toepassing op Graad 8 en 9-leerders. Alle Graad 10 en 11 leerders meld om 08:00 by die eksamenlokaal aan en die lengte van die vraestel sal die skryftyd bepaal. Die oggendsessies begin om 08:30 en die middagsessies om 12:30. Vir die middagsessies moet die leerders om 12:00 by die eksamenlokaal aanmeld

	Graad 8	Graad 9
Maan 6 November	Afrikaans Vraestel 3	Sosiale Wetenskappe
Dins 7 November	English Paper 3	
Woens 8 November	Wiskunde	Afrikaans V4 English P4
Don 9 November	Natuur-wetenskappe	EBW
Vry 10 November	Afrikaans Vraestel 2	Lewens-oriëntering
Maan 13 November	Sosiale Wetenskappe	Natuur-wetenskappe
Dins 14 November	English Paper 2	Musiek Xhosa
Woens 15 November	Tegnologie	**Afrikaans HT V2 English HL P2**
Don 16 November	Lewensoriëntering	Skeppende Kunste
Vry 17 November	Skeppende Kunste	**English FAL Paper 2**

	Graad 8	Graad 9
Maan 20 November	Afrikaans V 4 English P4	Wiskunde
Dins 21 November	Musiek Xhosa	Tegnologie
Woens 22 November	Musiek Prakties	**Afrikaans HT V3 English HL P3**
Don 23 November	EBW	Musiek Prakties
Vry 24 November		**English FAL Paper 3**

L'AMOUR DE ARTS 'N DAWERENDE SUKSES!

Vir die ouer garde sal die name Kruik en Truk dalk goeie herinneringe oproep, maar vir die meeste mense jonger as 40 sal dit geen klokkie lui nie! Dis gebore uit die destydse Rade vir Uitvoerende Kunste vir die 4 provinsies. Kruik vir Kaapland, Truk vir Transvaal. So het mev. Jordaan dit dan goedgedink om ons toneelvereniging Fruk te doop in die vroeë 1990's. Nou ja, hierdie einste Fruk het verlede Saterdag 'n baie geslaagde middagtee aangebied, met onder andere Amanda Strydom, wat in 1974 hier gematrikuleer het, as eregas. By die geleentheid is Amanda deur die skool vereer met die Handhaaf en Bou-toekenning vir haar besonder bydrae oor baie jare tot die uitvoerende kunste. Amanda het as liedjieskrywer, sanger en kabaretster 'n ongelooflik suksesvolle loopbaan beleef en sal altyd as een van die ikone van die Afrikaanse musiekbedryf gereken word. By die geleentheid was sy sigbaar aangedaan oor die toekenning, en kon nie uitgepraat raak oor die vormende invloed wat Framesby op haar lewe gehad het nie. Baie dankie aan Fruk en mev. Jordaan vir 'n pragtige inisiatief!

PROGRAM VIR DIE WEEK 23 TOT 29 SEPTEMBER

Saterdag 23 September	Sondag 24 September	Maandag 25 September	Dinsdag 26 September	Woensdag 27 September	Donderdag 28 September	Vrydag 29 September
Dogterskrieket Toernooi	**ERFENISDAG** **Dogterskrieket** Toernooi	**Skoolvakansie** **Dogterskrieket** Toernooi	**Dag 2** **Gr 12** Eksamen Kontrole antwoordstelle	**Dag 3** Kontrole antwoordstelle	**Dag 4**	**Skole sluit** **Saalbyeenkoms** **Rapporte** **Krieket:** Punt-fees **Atletiek:** FNL 2 **Landsdiens:** Streekskamp

FRAMESBY BLY WYD BESIG!

RUGBYBEPALINGS VIR 2018 GEFINALISEER

Die 2017-rugbyseisoen is nog vars in die geheue, en hier plaas ons al weer die bepalings vir 2018! Soos vanjaar is die program weer propvol, met baie uitdagings wat aan ons spelers gestel word. 'n Opwindende nuutjie is 'n moontlike bepaling teen Pearson aan die begin van die tweede kwartaal. Ons hoop dit word binnekort gefinaliseer. Die bepaling teen Otto du Plessis sal op Woensdag 8 Augustus tuis plaasvind weens die langnaweek wat daarop volg. Oral waar 'n (*) aangebring is, sal ons netbal- en hokkiespanne ook in aksie wees teen die bepaalde skool. Nog 'n bietjie goeie nuus is dat heelwat meer wedstryde volgende jaar tuis gespeel sal word.

Datum	Opponente/Geleentheid	Plek
10 Maart	Gill College-sportdag	Somerset-Oos
17 Maart	OP Hoërskole-dag	
24 Maart	Graeme Sportdag	Grahamstad
28 Maart tot 2 April	Paastoernooie Paarl Gim (O/14 & O/16) Boishaai (O/15) Kearsney Easter Festival (1ste XV	 Paarl Paarl Durban
11 April	OP Proewe 1ste Rondte: Sentrale Sub-unie (O/16 & O/18)	Framesby
14 April	Pearson (Moontlik) *	Framesby
21 April	Daniel Pienaar *	Framesby
24 April	OP Proewe Rondte 2	Brandwag
28 tot 30 April	Grey-toernooi (O/14, O/15, O/16, O/18)	Grey PE
5 Mei	Grens *	Oos-Londen
8 Mei	OP Proewe Rondte 3	DF Malherbe
12 Mei	Boland Landbou	Framesby
19 Mei	Meyer Sauerman Finale OP Proewe	TBA
26 Mei	Marlow	Cradock
2 Junie	Brandwag *	Framesby
21 Julie	Grey PE	Grey
28 Julie	Outeniqua *	George
4 Augustus	Oakdale	Framesby
8 Augustus	Otto du Plessis *	Framesby
18 Augustus	Nico Malan *	Framesby

DRIE MANNE VERSTERK DIE OP-O/17-SEWESSPAN

Die OP-O/17-sewesspan, wat die vakansie aan die nasionale toernooi gaan deelneem, is onlangs, ná 'n reeks proewe, aangekondig. Ons is ongelooflik trots daarop dat 3 van ons spelers in die span opgeneem is. Hulle is Grayson Ditlow, André Gerber en Christo Grobler.

Die span bestaan uit 12 spelers wat almal afkomstig is van Grey, Framesby en Nico Malan, met een speler van Hoërskool Cillie. Om ingesluit te wees in so 'n uitgesoekte groep is voorwaar 'n groot prestasie en ons wens hulle baie sterkte toe. Mag die OP een van die top-spanne wees in die toernooi. Ons weet ten minste dat ons drie manne die span nooit in die steek sal laat nie. Baie geluk!

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

THE DEVINE COMMANDMENT OF LIFE

…be perfect, just as your Father in heaven is perfect. —Matthew 5:48

Our Lord's exhortation to us in Matthew 5:38-48 is to be generous in our behavior toward everyone. Beware of living according to your natural affections in your spiritual life. Everyone has natural affections— some people we like and others we don't like. Yet we must never let those likes and dislikes rule our Christian life. "If we walk in the light as He is in the light, we have fellowship with one another" (1 John 1:7), even those toward whom we have no affection.

The example our Lord gave us here is not that of a good person, or even of a good Christian, but of God Himself. "…be perfect, just as your Father in heaven is perfect." In other words, simply show to the other person what God has shown to you. And God will give you plenty of real life opportunities to prove whether or not you are "perfect, just as your Father in heaven is perfect." Being a disciple means deliberately identifying yourself with God's interests in other people. Jesus says, "A new commandment I give to you, that you love one another; as I have loved you, that you also love one another. By this all will know that you are My disciples, if you have love for one another" (John 13:34-35).

The true expression of Christian character is not in good-doing, but in God-likeness. If the Spirit of God has transformed you within, you will exhibit divine characteristics in your life, not just good human characteristics. God's life in us expresses itself as *God's* life, not as human life trying to be godly. The secret of a Christian's life is that the supernatural becomes natural in him as a result of the grace of God, and the experience of this becomes evident in the practical, everyday details of life, not in times of intimate fellowship with God. And when we come in contact with things that create confusion and a flurry of activity, we find to our own amazement that we have the power to stay wonderfully poised even in the center of it all.

Uit *My Utmost for His Highest,* Oswald Chambers



8 ATLETE IN OP-TWEEKAMPSPAN

Altesaam 8 van ons atlete in onlangs ingesluit in die OP-Tweekampspan wat op 7 Oktober, tydens die vakansie, aan 'n interprovinsiale byeenkoms in Bloefontein gaan deelneem. Hulle is:

Wehan Smith (Seuns O/15), Janno Agenbag (Seuns O/19), JP van der Merwe (Seuns O/17), Lara de Bloe (Dogters O/17), Karla Scheffer (Dogters O/17), Lize-Mé Otto (Dogters O/17), Melissa Hamilton (Dogters O/17) en Chené Petzer (Dogters O/19)

Op die fotos is agter Wehan, Karla en Janno. Voor is Lize-Mé, Lara, Chené en JP. Melissa was ongelukkig afwesig.